

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 8, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2008 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

## Is God “weg”?

Dit lyk asof miljoene mense – insluitend baie gereelde kerkgangers – “in ontkenning” verkeer oor die **werklikheid** van die God van die Bybel. *Daardie* God – die *ware* God – stel dit duidelik in Sy geïnspireerde woord dat *Hy* in beheer is van die weer, dat *Hy* die Een is wat “groot aardbewings” laat plaasvind (Lukas 21:11) en dat *Hy* in beheer is van die opkoms en ondergang van nasies!

*Glo* dit?

*Miljoene mense glo dit nie*, want hulle kerke praat eenvoudig net oor godsdienstige gevoelens, oor “liewe Jesus”, en skep die duidelike indruk dat die “god” wat hulle aanbid nie 'n werklikheid is nie – dat *Hy* **nie** 'n dinamiese Geestelike Persoonlikheid is wat aktief *in beheer* van die hele heelal is en dat *Hy* **nou** begin het om op 'n besondere wyse in menslike sake in te gryp nie.

**Waarom faal hulle om dit in te sien?**

*Waarom* faal hierdie kerkgangers om die baie **werklike** God van die Bybel te erken en ook om te verstaan hoe *Hy* op *hierdie oomblik* besig is om spesifieke Bybelprofesieë in vervulling te bring, wat ons nasies en ons lewens op 'n omvangryke wyse gaan raak? Omdat hulle nie bekend is met daardie God nie! Hulle is – die grootste gedeelte – nog *nooit* ingelig aangaande die spesifieke **eind**tydse profesieë wat nou begin om die

Verenigde State van Amerika en die nasies wat van die Britte afstam, op 'n besondere wyse te raak nie.

Hierdie miljoene opregte mense is **verblind**. God maak dit *baie duidelik* in Sy geïnspireerde Woord. Let op hoe *Hy* Satan beskryf: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en *Satan*, wat die **hele wêreld verlei** [mislei], hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

Die apostel Paulus het aan die Korinthiërs vertel *waarom* die meeste mense so maklik mislei word: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie *die god van hierdie wêreld die sinne verblind* het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:3-4).

U is waarskynlik, net soos ek, in die Sondagskool geleer dat Jesus deur gelykenisse gepraat het sodat die gewone mense Hom beter kon verstaan. Die waarheid is egter presies die teenoorgestelde! Let op wat Jesus in werklikheid gesê het: “En die dissipels het gekom en vir Hom gesê: *Waarom* spreek U tot hulle deur gelykenisse? Toe antwoord *Hy* en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die

verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie ... Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: *Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie*" (Mattheüs 13:10-11, 13-14).

Die eenvoudige waarheid is dat God nie *gedurende hierdie tydvak probeer* om die wêreld te red nie. Hy het egter *nie* "weggegaan nie"! Inteendeel, Hy het wêreldse mense op hierdie aarde toegelaat om hulle eie weg te volg – om te eksperimenteer met *hulle* idees oor godsdiens, politiek, opvoedkunde en kultuur, om *hulle eie* idees te vorm oor wat reg en wat verkeerd is. Indien God dit nie gedoen het voordat Hy Sy Koninkryk op die aarde vestig nie, sou baie rebelse mense geprotesteer het dat hulle nooit 'n geleentheid gegun was om al hulle idees uit te toets oor hoe om 'n beskawing te bou nie. Indien God die mensdom forseer het om die regte dinge van die begin af te doen, sou hulle, eerder as om Sy Koninkryk te verwelkom, dan voel dat God hulle ingeperk het, hulle teruggehou en hulle nie "n vrye morele keuse" gegun het nie.

As gevolg hiervan, het Hy die mensdom toegelaat om hulle eie weg te volg. Wat was die

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Is God "weg"?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Hoe sou Jesus vir President stem?

3

Wie kan ons lei uit die moeras van ons tuimelende sedelikheid, ons onseker ekonomie en die toenemende spanning in ons samelewing?

#### Van stres na sukses

9

Ons leef in 'n wêreld gevul met stres. Natuurrampe ontwig miljoene lewens en vernietig miljarde Rande se eiendom.

#### Feeste van die dood

14

Groteske maskers en kostuums ... vreesaanjaende afbeeldings van rolprentmonsters ... korbene van suiker en uitgesnyde pampoene ... offers aan dooies by hul grafte. Hierdie jaar sal miljoene mense oor die wêreld heen Halloween herdenk. Gaan u ook?

#### Wanneer kulture bots

19

'n Opwelling van Moslemse geboortesifers is besig om die politieke en sosiale omgewing reg oor die wêreld te verander.

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde

23

#### Profesie neem gestalte aan

24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

### Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Streekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

# Hoe sou Jesus vir President stem?

Deur Roderick C. Meredith

**Wie kan ons lei uit die moeras van ons tuimelende sedelikheid, ons onseker ekonomie en die toenemende spanning in ons samelewing? Terwyl die Verenigde State voorberei om 'n nuwe President te kies, hoe sou ons Saligmaker reageer het?**

Die verkiesingsveldtog is reg oor die Verenigde State in volle swang. Maande voor die Demokrate hulle nominasie konvensie in Augustus gehou het en die Republikeine hulle s'n in die eerste dae van September, het die media ons gevoelens begin bombardeer met slagspreuke soos: "Verandering waarin ons kan glo: Stem vir Barak Obama!" of "Wees gereed vanaf dag een: Stem vir John McCain!"

Aansprake en teenaansprake word uitgeruil. Kampvegters vir een kant sê dat hul opponent slegs maar die voortsetting van iemand anders se mislukte beleidsrigting is. Partygenote van die ander kant sê dat die ander kandidaat te linksgesind en onervare is om te dien as Opperbevelhebber. Venynige moddergooiery kryt die een uit as 'n moontlike "Mantsjoerynse Kandidaat" wat die vyand tydens die oorlog bygestaan het en die ander as 'n verkleurmannelike wat nie eerlik is ten opsigte van sy godsdienstige en nasionale

lojaliteite nie.

Wat behoort 'n ware Christen te doen? Hoe behoort ons te reageer? Meer belangrik nog, **hoe sou Jesus Christus reageer het** in hierdie politiegelaaiede atmosfeer?

Amerikaanse troepe is reeds vir meer as vyf jaar in Irak. Behoort hulle daar weg te kom? Indien wel, hoe? Die Amerikaanse ekonomie word gemokker deur skuld en massiewe verlies aan internasionale vertroue in die stewigheid van die dollar – en in Amerika se vermoë om die regte keuses te maak ten einde 'n naderende ekonomiese afswaai te kan deurstaan. *Wie* kan die Verenigde State lei uit die moeras van sy tuimelende sedelikheid, sy onseker ekonomie, sy verlagende lewenstandaard en toenemende maatskaplike, etniese en rassspanning, wat die einste wese van sy samelewing affekteer? *Wie*?

Ons behoort almal te erken dat 'n ware Christen iemand is in wie Christus deur die krag van die

Heilige Gees leef. Die apostel Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

'n Ware Christen moet leer om te leef soos Jesus Christus werklik geleef het – nie soos so baie mense hul foutiewelik verbeeld dat Hy *dalk* geleef het nie. Jesus Self sê aan ons: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Die werklike antwoord van hoe ons behoort te leef en te funksioneer in 'n demokratiese nasie is in die Bybel te vinde – die geïnspireerde Woord van God. Ons moet die "gesindheid" [manier van dink] van Jesus Christus hê (Filippense 2:5). Die Bybel is die openbaring van die denke, die gesindheid, van God – wat aan ons sê hoe die Vader en Jesus Christus werklik oor die fundamentele kwessies van die

lewe dink.

Regdeur hierdie afgelope somer was Amerikaners verswelg deur boodskappe wat die kiesers aangespoor het om die een of ander kandidaat te ondersteun. As ons na die mans kyk wat President kan word, vra ons onself af: "Dink hy *werklik* hy is opgewasse om die wêreld se enigste supermoondheid te kan lei? Dink hy dat **enige mens** bevoeg is vir die taak?"

Waar is God in dit alles?

Vanaf die begin het mense probeer om hulself te regeer sonder God se direkte leierskap. Die meeste belydende Christene besef nie eens wat Jesus Christus met regering te doen het nie. Hulle is baie meer vertel van "die klein Here Jesus in 'n krip", as wat hulle geleer is van die Bybelse Jesus Christus wat nou aan die regterhand van God in die hemel staan (Handelinge 7:55-56). Die werklike Christus sal binnekort terugkeer in majestueuse glorie as die letterlike Koning van die konings oor die ganse aarde! Hierdie Jesus is aan die meeste mense onbekend.

Onthou, baie min belydende Christene besef dat *Jesus se evangelie gegaan het oor wêreldregering*. Een van die mees geslepe Sataniese misleidings wat ooit versprei is, behels dat Jesus Christus se boodskap hoofsaaklik oor Homself gegaan het. Die beginpunt van ware Christenskap is die aanvaarding van Jesus Christus se gestorte bloed na werklike **berou tot bekering** uit sonde (selde iewers vermeld!) Christus se

hoofboodskap – die evangelie wat Hy verkondig het – is egter gesentreer om wêreldregering en elke mens se gewilligheid om sigself heeltemal aan God te onderwerp en uiteindelik deel van Sy goddelike gesin te word. Hierdie goddelike regering sal binnekort oor die hele aarde **heers!**

### Wie HEERS oor hierdie huidige wêreld?

Hoewel baie mense gelei is om te glo dat hierdie nou God se wêreld is, vertel die Bybel ons iets heel anders. Die apostel Johannes was geïnspireer om te skryf: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie" (1 Johannes 2:15).

Tydens Jesus Christus se versoeking was Hy na 'n berg geneem en die glorie van al die koninkryke van die aarde getoon: "En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlijkheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil" (Lukas 4:6).

Het Jesus Satan weerspreek en aan Hom gesê dat hy **nie** in beheer was van al die koninkryke van hierdie aarde nie? Nee, Hy het nie. Jesus het eerder, na aan die einde van Sy bediening, op hierdie wyse van Satan gepraat: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word" (Johannes 12:31). Net soos Hy ook gesê het: "Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste** van hierdie wêreld kom en het **aan My niks**

**nie**" (Johannes 14:30).

Later skryf Paulus: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4). Satan die Duiwel is die onsigbare heerser – die "god" van hierdie tydperk, wat ongeveer 6 000 jaar van die mens se geskiedenis dek, sedert die skepping van Adam. Hierdie tydperk sal egter eindig met die Wederkoms van Jesus Christus as die Koning van die konings! God het Paulus geïnspireer om aan ons te openbaar Satan is "... die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). Die onsigbare geestelike heerser – die owerste – oor hierdie wêreld se samelewing is dus in werklikheid Satan die Duiwel!

Nietemin, die ware Skepper God gryp in wanneer dit nodig is om Sy doel te bereik. In Galasiërs 1:4 leer Paulus ons van Christus "... wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld ...". Egoïstiese menslike wesens wat glo dat hulle alle wysheid in pag het, is in werklikheid onbewus daarvan dat hulle onder die kragtige heerskappy van die onsigbare Satan is. Hulle dink dat hulle idees oor die samelewing en oor regering – dikwels lynreg teenstrydig met dié van God – sin maak. God sê egter: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar

die einde daarvan is weë van die dood” (Spreuke 14:12).

Satan **mislei** hierdie wêreld op duisende verskillende maniere! In die boek Openbaring kon Johannes 'n geestelike oorlog vooruitsien: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die hele wêreld verlei [mislei]*, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9).

Later onthul God aan ons dat met die aanvang van Christus se heerskappy oor die aarde, Satan in die afgrond gewerp sal word en toegesluit en verseël sal word “sodat hy die nasies nie meer sou verlei [mislei] totdat die duisend jaar voleindig is nie ...” (Openbaring 20:3). Die Bybel maak dit besonder duidelik dat hierdie huidige samelewing aan Satan behoort. Eerder as om werklik God se wil na te streef, is die hedendaagse beskawing gebaseer op ydelheid, wedywering, misleiding en bedrog.

Jesus het aan Pontius Pilatus gesê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie” (Johannes 18:36). Dit is dus duidelik dat Jesus geen bedoeling gehad het om te probeer om in hierdie wêreld se politiek en oorloë betrokke te raak nie. Hy het 'n ander wêreld, 'n ander regering – die Koninkryk van God – verteenwoordig. Jesus sou dus verseker nie

probeer het om hierdie wêreld te reorganiseer en betrokke te raak in 'n leuenagtige, knoeiende, politieke stelsel onder die mag van Satan die Duiwel nie!

### Opleiding om konings te wees

Heel moontlik nog binne hierdie einste geslag sal die Bybelse Jesus Christus weer kom om op 'n werklike troon in die stad Jerusalem te sit. Sy regering sal oor die hele aarde gevestig word – 'n **letterlike regering** bemagtig deur die Almagtige God en onder die beheer van die Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 19:15-16). Wat sal Jesus se volgelinge – die ware heiliges van God – dan doen? “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3). In die volgende paar verse gaan Paulus voort om uit te brei hoe die Christene in Korinthe veronderstel was om te leer hoe om God se regering in die Kerk toe te pas deur probleme wat tussen hulle ontstaan, korrek te “oordeel”. Van Genesis tot Openbaring was 'n amp in God se regering nog altyd deur aanstelling gevul – **nie** deur politiekery of om andersins aan mense bedrieglike beloftes te maak om hul stemme te koop nie. Dit was in hierdie konteks dat Paulus kon vra: “As julle dan alledaagse regsake het, [waarom] moet julle dié persone

daaroor laat sit wat in die gemeente die minste geag word” (vers 4)?

Christene is tans in opleiding om konings en priesters in die Koninkryk van God, wat binnekort voorlê, te wees. Jesus sê: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Ons behoort dus ons menslike weë en menslike selfsugtigheid te oorwin – en leer om God se regering nou toe te pas. Let op die “gebede van die heiliges” in Openbaring 5:9-10: “U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en *ons sal as konings op die aarde heers*”. Dit is duidelik, die ware heiliges van God sal binnekort heerskappy hê – **nie** bo in die hemel nie, maar **op hierdie aarde!**

Bestudeer noukeurig die gelykenis van die ponde in Lukas 19:11-27. Hier word Jesus uitgebeeld waar Hy na die hemel gaan om 'n koningskap te ontvang en weer terug te keer. Wanneer Christus terugkeer, beloon Hy Sy dienaars volgens wat elkeen vermag het deur sy Godgegewe tyd, talente en wysheid aan te wend om God te dien. Watter beloning het Christus aan Sy getroue dienaars gegee? “En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het,

moet jy gesag hê oor tien stede” (vers 17). En aan die dienaar wat slegs vyf ponde bygekry het? “En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede” (vers 19).

Sien u hier enige aanduiding van politiekery of stemmery? Nie in die minste nie. Dit is slegs nog maar een skriftuurlike voorbeeld om aan Christene te bewys die beste vorm van regering – God se regering – is op geen wyse gegrond op menslike politiekery, kompromië, toutrekkery en die vorendagkom met halfgebakte oplossings vir ons probleme nie.

Jesus sê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie” (Johannes 18:36). Hy sou Hom sekerlik nie verneder het om deel te wees van hierdie wêreld se verkeerde benadering tot regering nie. Trouens – *deur aan ons 'n voorbeeld te stel* – het Jesus Christus in Sy menslike bediening **nooit** enige toenadering gesoek by die menslike leiers van Sy tyd nie, Hom **nooit** bemoei met die politieke situasie en Sy volgelingen **nooit** geleer om te probeer om die politieke toestand te verander of om die menslike regering van Sy tyd uit te stryk nie!

Christus sal eerder **beslissend** met die konings van hierdie wêreld handel *met Sy Wederkoms*: “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en

daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:44).

Later in Daniël beskryf God duidelik hoe die ware heiliges, met die Messias se Wederkoms, heerskappy gegee sal word – onder Christus – oor **al** die regerings op hierdie aarde. “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27).

### Hoe behoort Christene NOU op te tree teenoor menslike regerings?

Alhoewel Christus nie aktief deelgeneem het aan die regerings van hierdie misleide wêreld nie, het Hy tog aan ons 'n voorbeeld gestel van gehoorsaamheid aan die siviele wette en betoning van respek aan die ampsdraers. Toe die Fariseërs gekom het om Jesus te ondervra oor betaling van belasting, was Sy antwoord: “Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom” (Mattheüs 22:21).

God het Paulus geïnspireer om te skryf: “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel

ontvang” (Romeine 13:1-2). Paulus het ook verder verduidelik: “Want daarom betaal julle ook belasting; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom” (verse 6-7).

Paulus sê aan ons om te bid vir diegene wat in ampte van gesag is. “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timotheüs 2:1-2).

Waaragtige Christene – wat die Kerk uitmaak (Grieks *ekklesia*, letterlik die “uitgeroepes”) – is gelykstaande aan buitelandse ambassadeurs. “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus” (Filippense 3:20).

'n Klompie jare gelede het ek die geleentheid gehad om op te tree as adjunk-kanselier van 'n klein kollege naby Londen, Engeland. As gevolg hiervan en ook ander verantwoordelikhede, het ek 'n aantal vername onthale in Londen en aan huis van die Amerikaanse ambassadeur na Haar Majesteit se regering, bygewoon. By twee van hierdie geleenthede het ek die Amerikaanse Ambassadeur ontmoet.

Dit word van die Amerikaanse

ambassadeur na Brittanje – of vir dieselfde prys na enige ander regering – verwag om die land waarin hy of sy woonagtig is, se wette te gehoorsaam, om die owerhede te respekteer en eer te betoon aan wie eer toekom. By twee geleenthede toe ek *Winfield Huis* – die ambassadeur se ampswoning – besoek het, was 'n heildronk ingestel op die Koningin. Almal het opgestaan en hul glasies gelig te ere van die minsame dame wat nog steeds monarg is oor die Britse volk. By elke geleentheid het die Amerikaanse ambassadeur – Elliot Richardson in een geval en Walter Annenburg in die ander – gedeel in die heildronk. Om hierdie soort respek te betoon teenoor diegene in gesag, reflekteer duidelik die gesindheid wat God in elkeen van ons verwag. Natuurlik ook om die wettige wette van die land te gehoorsaam en ons belasting te betaal. Indien enige totalitêre regering egter ooit sou probeer om ons te verplig om direk **ongehoorsaam** te wees aan die hoër Wette van die Almagtige God, dan behoort ons die geïnspireerde voorbeeld van die Apostels te volg, wie gesê het: “Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” (Handelinge 5:29). Selfs dan, indien ons sou besluit om in daardie land aan te bly, moet ons verwag om enige boete of straf wat daardie regering ons mag oplê, te verduur – en in **geloof** na God op te sien om vir ons te sorg (sien Daniël 3).

Paulus het egter geskryf, ons

is “**gesante** [ambassadeurs] van Christus” (2 Korinthiërs 5:20, NV). Ons behoort met liefde en respek teenoor alle menslike wesens op te tree – insluitende diegene in politieke ampte. Ons behoort egter altyd te onthou dat ons uiteindelijke burgerskap **nie** uit of van die regerings van hierdie Satan-geïnspireerde samelewing is nie! Alhoewel ons ander mense van diens moet wees en aan hulle goed moet doen op 'n individuele grondslag, kan en mag ons nie met militêre of politieke pogings om Satan se misleide wêreld te herorganiseer of te verander, gemoeid wees nie. *Die hele stelsel self is nie God se stelsel nie!* Hy laat slegs toe dat misleide mense hul eie gang gaan en met verskillende tipes regering eksperimenteer gedurende hierdie huidige 6 000 jaar van menslike ervaring.

Paulus skryf: “Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliäl, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?” (2 Korinthiërs 6:14-15). Wanneer Hy na die godsdiensstig-politieke stelsel verwys wat die grootste deel van die ontwikkelde wêreld sal domineer ten tye van Jesus Christus se Wederkoms, beveel God Sy mense: “En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit** haar uit, my volk,

sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:4).

Wat sou Jesus gedoen het in hierdie verkiesingsjaar in die Verenigde State? Hy sou so besig gewees het met die verkondiging van die **goeie nuus** van die naderende Koninkryk van God dat Hy geen tyd – nog minder belangstelling – sou hê vir politiekery, stemmery of deelname aan enige drukgroep om Satan se wêreld te verander. Hy sou weet dat – alhoewel hulle dit meestal goed bedoel – menslike pogings om hierdie wêreld te red gedoem is tot mislukking, omdat hulle onder Satan se heerskappy en deel van sy stelsel is, dit wat God “Babilon” noem (Openbaring 14:8).

Die missie en roeping van alle ware Christene is om te help om die weg voor te berei – as gesante in die voorhoede – vir die Koninkryk van God, die **letterlike regering** wat die lewende Jesus Christus binnekort sal vestig. Dit sal al die misleide menslike regerings op hierdie aarde vervang. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryk van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Wanneer die spesifieke **eindtydse** gebeure wat in God se geïnspireerde Woord voorspel is, reg rondom ons begin gebeur, behoort ons

intens te verstaan dat Christus se naderende Regering **werklik is!** Namate die Amerikaanse dollar in waarde tuimel, namate die Amerikaanse en Britse aansien reg rondom die wêreld begin afneem en die Almagtige God voortgaan om ons "trotse mag te **verbreek**" (Levitikus

26:19), behoort ons te besef dat Christus **werklik spoedig weer sal kom!** Ons behoort ook werklik te verstaan dat **alles om ons binnekort gaan verander.** Wanneer ons ware fokus op **daardie oorheersende faktor** is, sal ons uiteindelik "alle kragte inspan" in ons voorbereiding om

oorwinnaars te wees (Openbaring 2:26) en om **ons deel** te doen namate ons voorberei om die terugkerende Jesus Christus regtig by te staan om oor hierdie aarde te **heers** – op **God se manier!** **W.M.**

## Is Hierdie die **ENIGSTE** Dag van **REDDING?**

*Wat sal gebeur met die **BILJOENE** mense wat nog nooit die ware God leer ken het nie, nog nooit **ENIGE** vorm van Christelikheid aangeneem het nie?*

*Is hulle vir ewig gedoem tot 'n brandende hel, of tot 'n ewigheid in uiterste duisternis?*

*Wat is die **WARE** antwoorde op dié vrae?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

## Openbaring: Die verborgenheid onthul!

*Baie beskou Openbaring as 'n boek in die Bybel wat die moeilikste is om te verstaan. Sommige mense maak die ingewikkelde vertellings en aanskoulike beskrywings as blote versinnebeelding af, terwyl andere aanneem dat dit vervloë geskiedenis oorvertel. Die waarheid is egter veel meer merkwaardig: Indien u Openbaring verstaan, kan u weet wat die toekoms vir ons wêreld inhou!*

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie te bekom!



# Van stres na sukses

Deur Richard F. Ames

Ons leef in 'n wêreld gevul met stres. Natuurrampe ontwig miljoene lewens en vernietig miljarde Rande se eiendom. Krankhede, siektes en pyn affekteer die lewens van ontelbare lydende mense. Werkloosheid is 'n algemene bekommernis, nogtans ervaar baie mense **met** 'n werk stres in die werkplek as gevolg van lang ure en interpersoonlike konflik.

Dit lyk asof ons nie van stres kan ontsnap nie. Miljoene Amerikaners word selfs siek as 'n gevolg van stres. 'n Artikel in die Junie 2005 uitgawe van *Archives of General Psychiatry* berig dat in enige gegewe jaar, ongeveer 40 miljoen volwasse Amerikaners, 18 jaar en ouer – of ongeveer 18.1% van alle mense in daardie ouderdomsgroep – aan 'n angsverwante ongesteldheid ly. Angsverwante ongesteldhede kom dikwels voor saam met depressie of dwelmmisbruik (bll. 617-627). Die artikel gaan voort om uit te wys dat die meeste persone met een angsverwante ongesteldheid, ook nog aan 'n ander angsverwante ongesteldheid ly. Byna driekwart van diegene met 'n angsverwante ongesteldheid, het dit vir die eerste maal ervaar voor die ouderdom van 22.

Sommiges van ons ervaar daagliks spanning by die werkplek, in ons gesinne, in ons

gesukkel om ons rekeninge te betaal en om ons gesondheidsprobleme te bowe te kom. Het stres u ondergekry? Kan u u stres omskep na sukses?

Daar is een bron wat wysheid, leiding en strategieë gee wat aan ons hoop vir die toekoms bied. Daardie bron – die Bybel – bevat beginsels wat ons kan help om die spanningsvolle uitdagings in ons daaglikse lewe die hoof te bied. Een van daardie beginsels is om ons voor te berei vir moontlike probleme. Die boek Spreuke herinner ons: “'n Verstandige mens sien onheil kom en sorg dat dit hom nie tref nie, onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor” (Spreuke 27:12, NV).

Ja, 'n wyse mens is bedag op gevaar en tref voorsorg daarteen. Nasies en volke reg oor die wêreld sal voortgaan om natuurrampe te ervaar. Hoe behoort ons voorsorg te tref? Noodlenigingsinstansies beveel aan dat elke huishouding en werkplek oor 'n oorlewings-toerustingpakket moet beskik, wat noodhulptoerusting, voedsel, water, flitsligte en ander items wat ons in 'n noodsituasie nodig mag kry behoort te bevat. Onthou, in 'n noodtoestand mag dit nodig wees om ons huise op kort kennisgewing te ontruim, dus behoort ons noodvoorrade – en ons waardevolle persoonlike

artikels en dokumente – maklik bereikbaar te wees. Toe die orkaan Katrina die stad New Orleans in 2005 vernietig het, moes honderde duisende mense hul huise ontruim en baie van hulle wat nie goed voorbereid was nie, ly tot vandag toe nog steeds aan die gevolge daarvan.

Voorbereiding vir natuurrampe en ander gevare kan ons stres verminder. Slaan ag op die voorbeeld van die deugsame vrou in Spreuke 31. Sy het haar huis houding voorberei vir moeilike **tye wat voorlê**: “Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel. Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges. **Sy is gerus** oor haar huisgesin **as dit sneeu**: hulle dra almal warm klere. Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol (Spreuke 31:19-22, NV).

Die deugsame vrou voorsien die uitdaging van die koue weer wat voorlê. Sy bied die uitdaging die hoof en tref die nodige voorsorg. Sy is nie bang as dit sneeu nie. Sy sal nie stres oor die probleem nie. Ons kan die stres en trauma van natuur- en mensgemaakte rampe oorleef – indien ons voorsorg tref.

Die Bybel gee aan ons verskeie voorbeelde van hierdie soort wysheid. Onthou die storie

van die antieke patriarg Josef. Sy broers het hom wederregtelik verkoop as slaaf en hy het uiteindelik in 'n Egiptiese tronk beland. God het egter aan hom die vermoë geskenk om drome uit te lê. Toe Farao van die koeie en koringare gedroom het, het Josef aan hom gesê om voorbereiding te tref vir sewe jaar van oorvloed en sewe jaar van hongersnood. Josef sê aan Farao: "Dit is die woord wat ek tot Farao gespreek het: wat God van plan is om te doen, het Hy Farao laat sien" (Genesis 41:28). Josef het die ekonomie van Egipte bestuur tydens die sewe jaar van oorvloed, en deur sy voorsorg kon Egipte floreer tydens die sewe jaar van hongersnood. Is **u** voorbereid? U kan die druk van natuur- en mensgemaakte rampe oorleef deur voorbereid te wees, net soos Josef was.

### Stel mikpunte vir sukses

Suksesvolle mense weet dat ten einde enigets van waarde te bereik, ons mikpunte moet stel. Indien ons nie weet waar ons wil heengaan nie, sal ons nooit daar kan kom nie! Onthou egter altyd die heel belangrikste mikpunt. Jesus sê: "Maar soek *eers* die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Mattheüs 6:33). Ons kan oortuig wees dat God wat voedsel voorsien aan selfs die kleinste voëltjie, nog meer gewillig sal wees om vir Sy kinders te sorg. As ons die regte doelwit het – die Koninkryk van

God – weet ons dat ons nie bekommerd hoef te wees nie. Ons behoort met baie meer dringendheid te beplan vir die Koninkryk van God as wat ons beplan vir ons volgende maaltyd of stelklere.

Ja, God wil hê dat ons op die geestelike prioriteite moet fokus. Hy belowe om in al ons behoeftes te voorsien, soos aan ons gesê word in Filippense 4:19. Ons moet natuurlik die Bybel se beginsels van werk en vlytigheid toepas, maar ons behoort ons nie te kwel oor fisiese dinge nie. Eintlik verstaan Christene dat ware sukses nie gemeet word deur die wêreld se standarde nie. Die wêreld omskryf sukses as besittings, mag en posisie. Adverteerders hou sukses voor in terme van stoflike besittings: Duur motors, mooi juwele, groot wonings, luukse bote en die nuutste elektroniese foefies. Hierdie fisiese besittings kan egter nie blywende geluk meebring nie.

Hoe diep is ons vasgevang in die vleeslike weë van die wêreld? Die apostel Johannes gee aan ons hierdie waarskuwing rakende ons materialistiese samelewing: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die

wil van God doen, bly vir ewig" (1 Johannes 2:15-17).

Ware vreugde, standvastigheid, tevredenheid en vervulling kom deur God se wil te doen. Van Genesis tot Openbaring word Sy wil geopenbaar in die Bybel! Indien ons die Bybel daagliks lees en die beginsels daarin toepas, kan ons vrede in ons gemoed verkry en 'n oorvloedige lewe hê. Jesus sê: "Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê" (Johannes 10:10).

Wanneer ons die ware Bybelse waardes herwin, sal ons gelukkiger wees en sal ons die oorvloedige lewe wat God vir ons verlang, geniet. Die apostel Paulus haal Jesus aan wanneer hy sê: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang" (Handelinge 20:35). Die Nuwe Vertaling stel dit so: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang".

### Finansiële stres?

Baie van ons ervaar finansiële stres. Ons mag duisende dollars op ons kredietkaart skuld. Terselfdertyd besef ons dat die Amerikaanse dollar se waarde teenoor die euro en ander geldeenhede afneem. Vir baie jare was die Verenigde State 'n krediteur-nasie, maar nou het dit die wêreld se grootste debiteurnasie geword. Waarom? Omdat hul nie binne vermoë geleef het nie! God se manier van lewe leer individue om hul finansies te begroot en hul lewenstyl te

monitor soos getroue rentmeesters van hul seëninge. Die gelykenis van die ponde (of talente, volgens Mattheüs 25), leer ons om verantwoordelik en aanspreeklik te wees. Jesus het die dienskneg wat sy finansies wyslik bestuur het, geprys. “En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede” (Lukas 19:16-19).

Let wel, die een dienskneg was getrou “in die minste” – in 'n klein bietjie. Was *u* getrou in 'n klein bietjie? Strewe u daarna om binne u vermoë te leef? Die Bybel leer ons die beginsel van begroting deur die betaling van tiendes. 'n Tiende in Bybeltaal beteken 'n tiende van inkomste. Kyk na God se aanklag teen daardie nasies en volke wat nie God se soewereiniteit oor al wat bestaan erken nie: “Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaaï, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!” Maleagi 3:8-9).

Ons sal God se oordeel moet trotseer, individueel en as 'n nasie, tensy ons begin ag gee aan die Tien Gebooie en streef om daarvolgens te leef. God gaan voort: “Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees;

en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie” (vers 10).

Getroue Christene wat tiendes betaal, het self hierdie ontsagwekkende seëninge ervaar. In teenstelling daarmee, lei gierigheid na 'n mens se ondergang. Antieke Koning Salomo het gewaarsku: “Moet jou nie afsloof om ryk te word nie en moenie jou sin vir waardes verloor nie. Jy het nog skaars die rykdom gesmaak of dit is weg; dit kry vlerke en vlieg die lug in soos 'n arend” (Spreek 23:4-5, NV).

Op 10 Maart 2000, het die NASDAQ 'n hoogtepunt van alle tye van 5 049 bereik. Die Dow Jones Industriële Indeks was hoog en het 'n “bul”mark weerspieël. Tegnologiese aandele se prys het vir jare geklim en beleggers het hul “hysbakrit” na hoër waardes geniet. Hierdie “borrel” het gebars en teen 17 November 2000 het die totale papierwaarde van aandele 'n ongelooflike \$2.4 biljoen verloor. Miljoene beleggers wat onwyslik verwag het dat die waarde van aandele sou bly styg, het skielik skuld of selfs bankrotkap in die gesig gestaar.

### Oplossings vir stres?

Indien ons in gebreke bly om ons finansies goed te bestuur, sal ons nie slegs onself benadeel nie, maar ook ons hele gesin in die moeilikheid dompelt

Indien dit met u gebeur het, oorweeg hierdie raad: “Doen dan dít, my seun, en red jouself só as jy in 'n ander se mag beland het: gaan soebat hom, gaan pleit by hom; moenie gaan slaap nie, bly wakker, red jou uit sy mag soos 'n wildsbok uit 'n strik, soos 'n voëltjie uit die net van 'n voëlvanger” (Spreek 6:3-5 NV).

Beywer u om oplossings te vind. Indien u reeds vir 'n geruime tyd 'n intekenaar op die *Wêreld van Môre* is, mag u dalk hierdie vermaning wat ons Hoofredakteur, Roderick C. Meredith, 'n paar jaar gelede gegee het, onthou: “'n Eerste prioriteit moet wees om *al* die kredietkaarskuld af te betaal – en *al die ander* skuld wat ons moontlik kan. Ons behoort ook minstens die ekwivalent van 60 dae se lewensonderhoud voor hande te hê in geval van 'n skielike ineenstorting van die bankstelsel of soortgelyke noodtoestand. Ons behoort ook mettertyd 'n gesinsbegroting uit te werk wat ons in staat sal stel om finansiële middele opsy te sit wat ons vir 'n jaar of meer sal kan dra in die geval van verlies van werk, katastrofiese gesondheidsprobleme of iets dergelyks” (“*Is u gereed?*” *Wêreld van Môre*, Jan-Feb 2006, bl. 1).

Indien u vergruis word deur die las van skuld, moet u vindingrykheid aan die dag lê. Stel vas watter hulp beskikbaar mag wees. Gaan kyk in die Telefoonboek se geelbladsye en stel vas watter regerings- of gemeenskapsinstansies hulp kan verleen in 'n noodgeval.

Indien u heeltemal sonder geld is, mag instellings soms fondse voorsien vir voedsel en huishuursubsidies of maatskaplike uitbetalings maak. Die heel belangrikste, vra God om hulp. U kan die stres van finansiële probleme oorleef deur die beginsels van Bybelse ekonomie en spaarsaamheid toe te pas en deur binne u vermoë te leef. Vra God om u te help en onthou Sy belofte: “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus” (Filippense 4:19).

Ons ondervind moontlik aanhoudende bekommernisse en besorgdhede. Die patriarg Job het vrese beleef, maar hy het geweier om daardie vrese **te trotseer**. Dit is wat hy gesê het: “Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref” (Job 3:25, NV). Job het wat ons vandag “selfvervullende profesie” mag noem, ondervind. Het dit al ooit met u gebeur? Indien ons ons bekommernisse en vrese in oënskou neem, sal ons hulle kan erken en die Almagtige God om hulpvra!

Die apostel Paulus gee 'n regstreekse oplossing vir die probleem van bekommernis, stres en angstigheid. Lees net hierdie verstommende Bybelse strategie: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God” (Filippense 4:6). Met ander woorde, deel u bekommernisse, u vrese en u besorgdhede in gebed met God!

### Goeie stres?

Gebed en danksegging kan ons help om stres na sukses te omskep. Is stres net sleg? Endokrinoloog Hans Selye omskryf stres as “die liggaam se onwillekeurige reaksie op enige eis wat daaraan gestel word” (*Stress without Distress*, bl. 14). Selye se definisie erken dat daar **goeie stres** is, (soos byvoorbeeld, bevordering by die werk), net soos **slegte stres** (soos byvoorbeeld, wanneer jou tjek geweier is deur die bank). Psigologies is albei tipes stres dieselfde – die resultaat is verhoogde bloeddruk, versnelde asemhaling, toenemende spysverteringsaktiwiteit, verhoogde suiker en vetsure in die bloedsomloopstelsel, verhoogde metabolisme, verhoogde soutretensie en verminderde immuunfunksie.

Hoe sou ons lewens gewees het sonder **goeie stres**? Soos navorser Jerrold Greenburg opgemerk het: “Die doelwit van stresbeheer is nie om alle stres uit te skakel nie” (*Comprehensive Stress Management*, bl. 12). Ons benodig sekere spanning om die lewe aangenaam en interessant te maak. Sekere spanningsfaktore help ons ook om meer produktief te wees. Neem as voorbeeld die spertye en belonings wat ons kan motiveer om take betyds te voltooi. Greenburg beklemtoon: “Ons doel moet wees om die **nadelige uitwerking van stres te beperk** terwyl ons die lewe se kwaliteit en vitaliteit behou” (*ibid.*).

Kan ons daardie doel bereik? Jesus Christus het besef dat baie van ons gebuk gaan onder emosionele laste asook dat ons deel met negatiewe stresfaktore. Hy het aan ons hierdie wonderlike belofte gegee: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal **rus vind** vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig” (Mattheüs 11:28-30). Vertrou Christus om u laste te deel, want Hy weet wat dit beteken om pyn en druk te verduur. Gee u lewe aan Hom en u sal “rus vind vir u gemoed”. Laat Hy u laste dra. Petrus skryf immers: “Werp al julle **bekommernis** op Hom, want Hy sorg vir julle” (1 Petrus 5:7).

Sommige van ons mag spanningsvolle verhoudings met vriende of gesinslede ondervind. Het ons dit egter al oorweeg om diegene wat ons onderdruk te **vergewe**? Jesus het ons geleer om andere te vergewe. Onthou wat Hy ingesluit het in Sy modelgebed vir Christene: “En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe” (Mattheüs 6:12), of soos die Nuwe Vertaling dit stel: “... en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree”. Het u enigiemand in die nabye verlede vergewe? Vergifnis kan ons selfs help om depressie te oorwin. Dr. Paul Meier skryf in sy boek *Don't Let Jerks Get the Best of You*. “'n Pasiënt kan vir baie jare depressief wees en dan die persoon wat sy

onderdrukte woede veroorsaak het, vergewe. Daarna herstel hy heeltemal van sy depressie, want sy serotonin is op 'n natuurlike wyse herstel en die brein is dan in staat om korrek te funksioneer" (bl. 170).

Om ander mense te vergewe, kan vrede in die gemoed bring. Ons **kan** ons lewens heeltemal

omkeer en begin om blydschap en vreugde te ervaar. God het aan ons die beginsels van sukses, vreugde en vrede gegee. Ons **kan** stres baasraak. Ons **kan** stres oorleef.

Pas u gesondheid op. Handhaaf 'n positiewe gesindheid. Vergewe andere. Spandeer elke dag tyd aan

gebed, Bybelstudie en oordenking van God se waarheid. Werk ywerig, oefen gereeld en streef daarna om voldoende slaap en rus in te kry. Bid oor elke ding wat u pla, en bid met danksegging. Leef volgens hierdie beginsels en u kan u stres omskep in sukses!

W.M.

## U uiteindelijke Lotsbestemming

*Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

## Die Bybel: Feit of fiksie?

*Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!*

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Feeste van die dood?

Deur Rod McNair

**Groteske maskers en kostuums ... vreesaanjaende afbeeldings van rolprentmonsters ... kopbene van suiker en uitgesnyde pampoene ... offers aan dooies by hul grafte. Hierdie jaar sal miljoene mense oor die wêreld heen Halloween (Allerheiligeaand), die Dag van die Heiliges, die Dag van die Gestorwe Heiliges en die Dag van die Dooies herdenk. Gaan u ook?**

Die meeste mense weet deesdae dat die moderne Halloween [Allerheiligeaand] sy oorsprong het in heidense tradisies van voor Christus se tyd – nogtans het hulle geen gewetenswroeging om deel te neem aan 'n dag wat sterk steun op morbiede voor-Christelike bygelowe nie. Waarom is dit so? Wat behoort dit vandag vir 'n Christen te beteken?

Wat het antieke Halloween se feesvierings behels? “Die twee hoofkenmerke van antieke Hallowe'en was die aansteek van vreugdevure en die opvatting dat, van alle nagte van die jaar, hierdie die een is wanneer spoke en hekse die waarskynlikste sal rondloop ... Verder was dit die Druïdes se geloof dat op die vooraand van hierdie fees, Saman, die heer van die dood, al die bose siele wat tydens die laaste twaalf maande veroordeel was om in die liggame van diere te woon, bymekaar roep” (“Halloween”, *Encyclopaedia Britannica*, 11de uitg. Vol. 12, bl. 857-8).

Hoe het dit dan gebeur dat belydende Christene begin het om ou Keltiese gebruike te volg? In 610 n.C. het Pous Bonifacius IV die Fees van Alle Heilige Martelare ingestel om jaarliks op

13 Mei gevier te word. In 835 het Pous Gregorius IV hierdie feesviering na 1 November verskuif, 'n datum wat hy bepaal het as “Dag van die Heiliges”, ter ere van martelare vir hulle geloof. Watter aktiwiteite word verbind met daardie dag? In sommige Katolieke lande bestaan, selfs vandag nog, 'n populêre volkstradisie dat die mense se afgestorwe geliefdes een keer per jaar na hul vorige wonings terugkeer op daardie dag, wat ook bekend staan as die “Dag van die Dood”. Die tydskrif *Mabuhay*, beskryf 'n kleurvolle tradisie in die Filippyne, waar families op die “Dag van die Heiliges” (1 November) “na begraafplase stroom om kerse op te steek en blomme te offer ... aan afgestorwe familieledes...” (“Halloween High Jinks”, November 1997, bl. 34).

Die feesdag op 2 November, bekend as “Dag van die Gestorwe Gelowiges” was ingestel, gebaseer op “die [Rooms-Katolieke] leerstelling dat die siele van die getroues wat tydens hulle dood nog nie gereinig was van vergeeflike sondes nie of wat nie boete gedoen het vir vorige oortredings nie, nie die

Geluksalige Aanskoue kan verkry nie; en dat hulle moontlik gehelp kan word om dit te verkry deur gebed en deur die offer van die mis” (“All Souls Day”, *Encyclopaedia Britannica*, 11de uitg. Vol.1, bl. 709). Dit veronderstel 'n proses waarvolgens diegene wat nog leef, seremonies kan uitvoer wat op een of ander wyse die toestand van die wat gesterf het, kan verbeter.

In Mexico word “Dia de los Muertos” of “Dag van die Dood” gevier deur begraafplase te versier met kerse, gousblomme en die oorlede familieledes se gunsteling kosse, so asof hulle probeer om die dooie geliefdes te oorreed om terug te keer vir 'n familie re-unie. Lees net hoe sommige van die feesvierendes hierdie fees vier: “Party dra skedelmaskers van hout, bekend as *calacas*. Baie gesinne bou altare, wat *ofrendas* genoem word, in hul huise en gebruik foto's, kerse, blomme en kos ... Speelgoed en kos, insluitende brood en suikerklontjies, word gemaak in die vorm van simbole van die dood, soos skedels en geraamtes” (“Dag van die Dood”, *Encyclopaedia Britannica* aanlyn).

Al hierdie “feeste van die dood” is gebaseer op dieselfde algemene tema – om met die dooies kontak te maak, om hul te paai, te dien en selfs te aanbid. Is sodanige gebruike egter op die Bybel gegrond? Behoort Christene dit deesdae te vier? *Wat sê God?*

### Waar is die dooies nou?

Baie antieke godsdienstige tradisies veronderstel dat die dooies iewers elders as in die graf is. Baie mense *aanvaar* dat diegene wat ons deur die dood ontval het, óf in die hemel, óf in die hel óf in 'n soort tussentydse bewustelike staat verkeer. Die Bybel vertel egter baie duidelik aan ons waar die dooies is!

Kyk wat die apostel Petrus gesê het tydens sy preek op Pinksterdag: “Broeders, ek kan vryuit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe.... Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie ...” (Handelinge 2:29, 34).

*Dawid het nie na die hemel gegaan nie!* Toe die apostel Petrus eeue na Dawid se dood gepraat het, het hy bevestig dat Dawid nog steeds in sy graf is waar hy geplaas was na sy dood en dat hy nog altyd wag op die opstanding! Wat 'n kontras is Petrus se woorde in teenstelling met die misplaaste oortuiging, wat deesdae so wyd verspreid is onder belydende Christene, dat die heiliges, op hierdie oomblik, uit die hemel op ons neerkyk nie!

Jesus Christus se uiteen-

setting is duidelik: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Hy *het* werklik *uit* die hemel neergedaal en het *teruggegaan* na die troon van die Vader in die hemel (Johannes 20:17). Volgens Sy geloofwaardige getuienis, het niemand anders dit gedoen nie!

Wat is die dooies dus besig om te doen? Die antwoord is nóg geheimsinnig, nóg spookagtig. Die dooies “slaap” eenvoudig in hulle grafte, sonder bewussyn, wagtende om geroep te word tot opstanding. Wat sal gebeur wanneer Christene opgewek word? Die apostel Paulus verduidelik: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thessalonicense 4:16-18).

Ons kan ontsaglik baie bemoediging daaruit put indien ons die waarheid aangaande die dood en opstanding verstaan, soos wat dit in die Bybel verkondig word. Ons hoef ons nie te kwel oor of te verwar met die vreesaanjaende bygelowe wat deur die “feeste van die dood” bevorder word nie.

### Kan ons met die dooies kommunikeer?

Indien die dooies sonder enige bewussyn in hul grafte is – nie wakker en liggaamlose geeste in die hemel nie – kan ons met hulle kommunikeer? Keer afgestorwe familieledes werklik terug na hul lewende naasbestaandes op die “Dag van die Dood”, soos sommige mense glo? Wat sê die Bybel?

Salomo verduidelik: “Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie ...” (Prediker 9:5). Toe die regverdige Koning Dawid uitgeroep het om uit gevaar gered te word, het hy God herinner: “Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?” (Psalm 6:6). Salomo en Dawid het albei beseft dat menslike wesens, wanneer hul sterf, ophou om van enige iets bewus te wees.

Die Bybel se weergawe van Koning Saul se besoek aan die “dodebesweerster” verwar soms die oppervlakkige lesers wat wonder of die geeste van afgestorwenes na hul dood bestaan. Met die eerste oogopslag mag dit lyk of 'n medium wel die gees van Samuel op Koning Saul se versoek opgeroep het (1 Samuel 28:8-15). Het die medium egter *werklik* Samuel teruggeroep? Die Skrif verduidelik dat Saul “begryp” [veronderstel] het dat dit Samuel was (vers 14). Die beskrywing was eenvoudig van “'n ou man ... met 'n mantel om” – heel moontlik het 'n onreine gees

verskyn in 'n gedaante wat na Samuel gelyk het. Die Skrif toon dat leuengeeste wel uitgaan om mense te bedrieg, soos hierdie een wat gepoog het om Saul te bedrieg (1 Konings 22:22-23).

Ja, die Bybel wys duidelik dat ons nie met die dooies kan kommunikeer nie. Die dooies is nie bewus van die lekkernye en offers wat na hulle grafte gebring word nie. Hulle hoor of put geen voordeel uit gebede wat tot hulle of ten behoeve van hulle gebid word nie.

Aan die ander kant sien ons *wel* daarna uit om ons geliefde vriende en familie in die opstanding te sien! Dit is ook sekerlik reg om die nagedagtenis van 'n afgestorwe familielid te eer tydens die begrafnisdiens, veral ter wille van treurende naasbestaendes. Ons "eer die nagedagtenis" van ons oorlede ouers en grootouers, nie deur allerhande snuisterye op hul grafte te sit, of in die hoop om hul geeste in ons huise te verwelkom nie, maar eerder deur hulle opbouende lesse en voorbeelde na te volg en deur eer te betoon aan die goeie naam wat hulle gevestig het terwyl hulle nog gelewe het.

### **Slegs onskuldige, skoon pret?**

"Ek glo nie al daardie leë rituele nie" mag sommige mense sê. "Ek hou maar net daarvan om pret te hê op 'n feesdag". Is daar, per slot van rekening, enigiets verkeerd met die Halloweenkostuums wat ons in hedendaagse Amerika sien?

Kan daar tog enige probleme wees met 'n maskerbal, spookstories of insameling van lekkernye? Behoort ons beswaar aan te teken teen plastiese, batteryaangedrewe "kabouters" in afdelingwinkels wat verbygangers aangeluur? Niemand neem tog meer deesdae al daardie bangmaakgoed ernstig op nie, of hoe?

Heel moontlik is daardie benadering self deel van die probleem. Die geesteswêreld *moet* ernstig opgeneem word. Dit bestaan werklik en dit is *gevaarlik* vir diegene wat nie op hul hoede is nie. Die gevare van die okkult word dikwels teruggeskuif tot die status van verspotte speletjies, asof ons maar skotvry kan saamspeel solank ons net "in die gees daarvan kan kom!"

Sekerlik, miljoene mense probeer presies dit doen. Tot huisversiering fundi Martha Stewart bied advies aan oor hoe om 'n mens se voorste grasperk te versier met flikkerende pampoene, om 'n spookagtige, prettige omgewing te skep. Sy verduidelik voorts: "Die opwinding van Allerheiligeaand is in die lug, die atmosfeer is gelaai met skouspele en klanke en vrese wat by dié nag hoort ... Wat ons probeer doen is om die vakansiedag se fosforglimmende geeste met hul eie spel te klop, om hul bedreiging te verban deur dieselfde palet van flikkerende amber en pikswart skadu's te gebruik wat hulle aanwend om ons bang te maak" (*Halloween: The Best of Martha Stewart Living*, bll. 11-12).

Vir diegene wat bedrewe is met 'n houtsnymes, beskryf outeur Tom Nardone se boek, *Extreme Pumpkins: Diabolical Do-It-Yourself Designs to Amuse Your Friends and Scare Your Neighbors*, "ontwerpers-pampoene" wat 'n mens self kan skep. Nardone gee voorskrifte om ontwerpe te skep soos: "Kanibaalpampoen", "My kop is aan die brand-pampoen", "Breinchirurgie-pampoen", "Doodgeskokte pampoen", "Verdrink-in-'n-sak-pampoen", "Ske delpampoen", "Bloed gevulde pampoen" en "Satanistiese pampoen".

Hierdie wenke deur Stewart en Nardone word alles as 'n grap en "tong-in-die-kies" bedoel – maar behoort ons dit ligtelik op te neem? God openbaar dat daar 'n werklike geestelike wese is, bekend as die Duiwel. Dit is nie 'n sukkelende bose gees met 'n hooivurk nie, die Duiwel is eerder 'n kragtige, haatdraende wese wat die *hele wêreld mislei* het (Openbaring 12:9) en wat een derde van die engele verlei en oorreed het om in *opstand te kom teen God* (Openbaring 12:4). Jesus Christus het Satan uit die hemel sien val (Lukas 10:18). Die grimmige engele wat Lucifer in die opstand gevolg het – en wat demone geword het – word beskryf as onreine geeste en onreine en haatlike voëls (Openbaring 18:2).

Wat sê God, hoe behoort ons Satan te bejeën? Hy sê nie aan ons om *verspotte, spookagtige speletjies* wat interaksie met die geestelike wêreld *bespotlik maak, te speel* nie. Hy sê nie aan



ons om ons moderne weergawe van antieke Druïdiese rituele uit te beeld nie. Hy sê eerder: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader...” (Jakobus 4:7-8). God raai ons aan om bedag te wees op die Duiwel se planne sodat ons sy strikke kan vermy (2 Korinthiërs 2:11). Die Skrif herinner ons daaraan dat Christene in 'n *stryd gewikkel* is “... teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug” (Efesiërs 6:12).

### God se weë of heidense onheil?

Halloween verheerlik onheil. Dit word beskou as 'n tyd om “alle inhibisies oorboord te gooi” en “alle reëls op te skort”. Skrywer Hugo Slim herinner ons: “Halloween het baie van die ou voor-Christelike speletjies en rituele as deel van die feesviering behou. Speletjies wat appels betrek, aantrek van kostuums vir die dag en vergeldingspeletjies word steeds deur kinders op elke Halloween geniet” (*Feast of Festivals*, bl. 176). Hy gaan voort om ons in te lig: “Die vermomming deur kostuums en pampoenlanterns verskaf ook die ideale dekmantel waaronder met 'n vyand afgereken kan word. Halloween word dus 'n onvermydelike en aanvaarbare tyd om ou griewe terug te betaal deur die antieke gebruik van

“trick or treat”, 'n speletjie wat uiters populêr is by baie kinders” (bll. 177-178).

Keur God egter sodanige feestelikhede goed? Die apostel Petrus verduidelik aan ons Christene behoort lewenstyle wat teenstrydig is met God se weg, *prys te gee*: “Want dit is genoeg dat ons ... afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasseurie, drinckpartye en ongeoorloofde afgoderye” (1 Petrus 4:3). Ons moet eerder fokus op “alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit” (Filippense 4:8). Die onreine en bandelose wortels van Halloween is nie versoenbaar met God se voorskrifte vir Christene nie.

Interessant genoeg, sommige historici glo daar is 'n verband tussen antieke “Dag van die Dood” en die vernietiging van Noag se heidense, losbandige geslag. Noag se vloed begin “... in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand” (Genesis 7:11). Een jaar later, in die tweede maand, op die sewe-en-twintigste dag, het Noag uit die ark uitgegaan (Genesis 8:14-16). Indien ons die datum van Noag se vloed bereken volgens die Joodse *siviele* kalender, val die sewentiende dag van die tweede maand iewers tussen laat Oktober en vroeg in

November. Soos skrywer Frederick Filby opgemerk het: “Dus het die ou wêreld vergaan en 'n jaar later het 'n nuwe era in dieselfde maand begin. Albei hierdie feite is onuitwisbaar vasgelê in die geheue van die menslike ras. Vir baie mense reg oor die wêreld bring November die Dag van die Dood. In 'n aantal antieke en primitiewe kalenders bring November ook 'n Nuwe Jaar gedurende 'n tyd wanneer daar geen sonstilstand of dag-en-nag-ewening of enige ander sterrekundige gebeurtenis is wat dit regverdig nie” (*The Flood Reconsidered*, bll. 106-107).

Historikus Alexander Hislop identifiseer Osiris se reis as 'n verdraaide weergawe van Noag se redding deur God, en plaas dit rondom dieselfde tyd: “Die tyd toe Osiris 'in sy kis toegesluit was' en toe daardie kis op die water gesit was om te dryf, soos deur Plutarch beweer word, stem presies ooreen met die tyd toe Noag in die ark ingegaan het. Daardie tyd was 'die 17de van die maand Athyr, toe die oorstroming van die Nyl se oewers opgehou het, toe die nagte langer geword het en die dae korter” (*The Two Babylons*, bl. 136).

Indien die tyd van die vloed egter volgens die Joodse *heilige* kalender (wat in die lente begin) bereken word, sou dit ongeveer in die middel tot laat Mei gewees het, na aan die datum wat oorspronklik gekies was vir die “Fees van al die Heilige martelare”. Soos John Garnier skryf in *Worship of the Dead*: “In

Rome ... in meer antieke tye, was die 'fees van die geeste' wat glo die siele van afgestorwe vriende was, "Lemuria" genoem en op 11 Mei gevier. Dit was ook die sewentiende dag van die tweede maand van die jaar gedurende daardie tyd" (bl. 6).

Gaan vierings van die "Dag van die Dood" verder terug in antieke tye as wat ons mag vermoed – moontlik selfs tot by die vernietiging van 'n losbandige en gewelddadige beskawing? Om die minste te sê, lyk dit of daar 'n tempterende parallel is en bes moontlik is daar dalk ook 'n direkte verband.

### Verwerp heidense tradisies

Toe God die Israëliete voorberei het om die Beloofde Land binne te gaan, het Hy aan hulle *spesifieke en kragtige opdragte* gegee dat hulle Hom

nie moes probeer eer deur die beoefening van "tradisies" van die nasies rondom hulle nie. Hulle moes *nie* die gebruike van die heidene *absorbeer* nie. Hulle moes sodanige gebruike verwerp en in die plek daarvan getrou God se opdragte en voorskrifte volg.

Moses het die Israëliete beveel: "As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdolg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie" (Deuteronomium 12:29-31).

God roep *deesdae Christene*

om Hom te *gehoorsaam* en te *aanbid op 'n wyse wat Hy verkies*, nie deur mens-gemaakte, vals tradisies te volg nie. Indien Jesus Christus u na Hom toe geroep het om Sy Waarheid te verstaan, *roep Hy u uit hierdie wêreld uit*. In die laaste ure van Sy lewe, het Christus gebid dat Sy dissipels nie *van* hierdie wêreld moet wees nie, alhoewel hulle in die wêreld leef: "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie" (Johannes 17:15-16).

Mag God aan u die begrip en onderskeidingsvermoë gee om uit die wêreld uit te kom, Hom heelhartig te volg en *die feeste van die dood te verwerp!* **WVW**

In die Verenigde State het die 31ste Oktober die derde besigste partytjedag van die jaar geword, naas Oujaarsaand en *Super Bowl* Sondag.

"Ons het gevind dat klante aan Halloween begin dink kort na Werkersdag" sê Karen Burk van Wal-Mart, in 'n berig in New York Times ("*After Labor Day Go Directly to Halloween*", 17 September 2007).

Elke jaar, lank voor 31 Oktober, begin bemerkers aandag gee aan hierdie populêre vakansiedag. "Pyn kan vreesaanjaend wees", waarsku 'n Advil promosie, versier met hekse en ander Halloween karakters, verlede September. Verlede jaar het Sears 'n geraamte gebruik as voor-Halloweense "segsman" vir 'n gereedskapsreeks. Hierdie tyd van die jaar verskeep lekkergoedvervaardigers ekstra

"happie-grootte" weergawes van hulle produkte, dikwels in die oranje-en-swart kleurskakering van Halloween temas, in die plek van die tradisionele kleure.

Halloween het groot besigheid geword. Die Nasionale Kleinhandel Federasie het beraam dat die gemiddelde Amerikaner in 2007 \$64.82 [ongeveer R453.74] aan Halloween inkopies spandeer het – meer as die \$41.77 [ongeveer R292.39] van 2003. Kostuums verteenwoordig die grootste deel van die uitgawe, gevolg deur lekkers en versierings – selfs Halloweense groetkaartjies, 'ntoenemende verskynsel.

God het Sy mense opdrag gegee om nie deel te neem aan heidense seremonies wat afgelei is van die Romeinse Saturnalia (omtrent soos Oujaarsaand partytjies), of van aanbidding van bese geeste en die dooies (soos Halloween) nie.

# Wanneer kulture bots

Deur Gerald Weston

## 'n Opwelling van Moslemse geboortesifers is besig om die politieke en sosiale omgewing reg oor die wêreld te verander. Wat gaan dit vir ons toekoms beteken?

“Waarom Israel nie kan oorleef nie”. So lui die skokkende opskrif bokant die 5 Mei 2008 voorbladstorie in *Maclean's*, een van Kanada se oudste en mees-gerespekteerde nuustydskrifte. Die artikel verduidelik voorts: “Sestig jaar van nou af, sal die land tussen twee opsies vir die toekoms moet kies: Dit sal óf 'n Joodse staat, óf 'n demokrasie kan wees – maar nie albei nie” (bl.30).

Waarom soveel pessimisme? “Binne een of twee dekades sal die getal Moslems en Christelike Arabiere wat onder Joodse beheer leef (insluitende Gaza, die Wes-oewer en binne Israel self) die getal Israelse Jode oortref. Wanneer dit gebeur en daar is nog geen Palestynse staat nie (en sonder enige grootskaalse etniese suiwering) sal Israeli's verplig wees om te kies tussen twee opsies vir die toekoms. Hulle land sal óf Joods wees maar nie demokraties nie – met ander woorde, 'n Joodse minderheid sal 'n land beheer wat meestal bewoon word deur Palestyne – óf Israel sal demokraties wees maar nie Joods nie, omdat Arabiere die meerderheid sal vorm in wat dan 'n bi-nasionale staat sal wees ... Dit kan nie albei wees nie” (*ibid.*).

In der waarheid nader die

Joodse staat vinnig 'n demografiese krisis wat baie meer gevaarlik is as enige militêre krisis wat dit tot dusver trotseer het. Die wapens is nie gewere of bomme nie, maar babas. Israel se vyande skenk geboorte aan meer toekomstige kiesers – en die dag gaan spoedig kom wanneer die Arabiere in die meerderheid sal wees en 'n demokratiese Israel eenvoudig uit sy bestaan stem!

### Europa in krisis

Is hierdie situasie uniek aan die Midde-Ooste? Nee! 'n Mens kan net so akkuraat 'n hoofopskrif skryf: “Waarom Europa nie kan oorleef nie”. Net soos Israel, nader Europa ook 'n tyd van beslissing – en Europa se vyande is deeglik bewus daarvan. Verlede April op die elfde, het Yunis Al-Astal, 'n Palestynse geestelike wat ook 'n lid van sy nasionale parlement is, aan aanbidders tydens Vrydag se gebede, wat deur Al-Aqsa televisie gebeeldsend is, gesê: “Binnekort, soos voorspel deur ons profeet Mohammed, as Alla wil, sal Rome verower wees net soos Konstantinopel was”. Al-Astal het voorspel dat Rome, Europa, en uiteindelik die hele wêreld, onderworpe sal wees

aan “verowerings deur *dawa* [proselitisering of te wel bekeringswerk] en selfs militêre verowerings”.

Westerlinge het gewoon geraak om na vreemde en buitensporige grootpraterie van waansinnige fanatici in die Midde-Ooste te luister, dus is dit te verstane dat die meeste mense uitlatings soos dié van Yunis Al-Astal nie ernstig opneem nie. Moontlik behoort hulle dit egter hierdie keer wel te doen!

Bestuurskundige Stephen Covey haal dikwels 'n ou gesegde aan: “Dit wat ons die graagste wil hê, glo ons die maklikste”. Mense wil gewoonlik graag glo dat alles wel is en dat alles op die einde goed sal uitwerk. Wat gebeur egter as die feite nie ooreenstem met wat ons graag wil glo nie? Yunis Al-Astal en baie ander mense soos hy, glo aan 'n wêreldbeskouing wat baie meer algemeen – meer geloofwaardig, meer kragtig en meer gevaarlik – is as wat baie Westerlinge graag wil glo. Indien die Weste egter nie nou gaan optree in reaksie op die bedreiging wat hierdie wêreldbeskouing inhou nie, sal sy waardes en sy toekoms moontlik binnekort verander word deur die gevolge van

hierdie stille krisis wat nou ontwikkel in Europa se babakamers.

Europa, net soos Israel, ervaar tans 'n demografiese krisis. Eenvoudig gestel, Europa – of meer korrek, *Europeërs* – is besig om uit die besigheid te gaan! Etniese Franse, Duitsers, Grieke en Italianers produseer nie genoeg kinders om die bevolkings van hul nasies in stand te hou nie. Intussen produseer Moslemse families babas met die groeikrag wat die Europeërs en Noord-Amerikaners eens gehad het. Dit beteken dat namate die nuwe, ontluikende bevolkings groei, hulle godsdien en kulture sal bots met die bestaande Europese orde – maar een kant sal aan die opkoms wees en nuwe kiesers met elke verkiesing bykry, terwyl die ander kant op die verdediging sal wees en gedwing sal word om die realiteit van hul uiteindelijke ondergang in die gesig te staar!

Europese leiers besef dat hulle etniese en godsdienstige erfenis bedreig word. Skrywer Mark Steyn maak ons attent daarop dat hierdie feit nie by Kardinaal Josef Ratzinger verbygegaan het toe hy sy naam vir die pousdom gekies het as Benedict XVI nie. St. Benedict, gebore in Umbrië in 480, was die man wat deur die Donker Eeue heen, verseker het dat die lewensnoodsaaklike elemente van die Romeinse en Griekse beskawing bewaar gebly het, en deur dit met Christelikheid te verenig, het hulle in 'n nuwer en

sterker vorm ontluik: 'n Basis vir die Europese en Westerse beskawing. Met verwysing na sy naamgenoot, het Pous Benedict XVI een keer 'n Benediktynse leuse aangehaal: '*Succisa virescit*'. Gesnoei, groei dit weer" (*America Alone*, bl. 126).

Terwyl hy 'n skare wat byeengekom het om die 850ste herdenking van die beroemde Oostenrykse heiligdom, bekend as Mariazell, te vier, het die pous, wat hy "die krisis van Europa" genoem het, bespreek. In sy kanselrede het hy die morele relativisme van postmodernisme uitgekryt as "n gesindheid van gelatenheid ten opsigte van die waarheid" en bygevoeg: "Ek is daarvan oortuig dat dit na aan die hart van **die krisis van die Weste, die krisis van Europa**, lê. Indien die waarheid nie vir 'n mens bestaan nie, dan kan hy ook nie uiteindelik tussen goed en kwaad onderskei nie".

Benedict het verder voor die 30 000 getroues wat die koue en reën trotseer het om na hom te luister, een besondere manifestasie van die krisis in die Weste verklaar: "**Europa het kind-arm geword**. Ons wil alles vir onself hê en plaas min vertroue in die toekoms" (*Reuters*, 8 September 2007).

### Hoe kind-arm is Europa?

Demograwe vertel ons dat dit gemiddeld 2.1 geboortes per vrou neem net om 'n land se bevolking te handhaaf. Nogtans is die gemiddelde geboortesifer in Europa tans net 1.38! Dit

beteken Europa se bevolking raak ouer, met te min kinders wat gebore word om die ontsaglike maatskaplike stelsel te ondersteun wat Europeërs as vanselfsprekend begin aanvaar het.

Lae geboortesifers is egter nie oral 'n probleem nie. Vrouens in Nigerië gee geboorte aan gemiddeld 7.46 kinders. In Mali, Somalië, Afganistan en Yemen is die sifers respektiewelik 7.42, 6.76, 6.69 en 6.58 (Steyn, bl. 10). Hierdie lande het ook iets anders as hoë geboortesifers in gemeen – hulle is almal oorwegend Moslems en hulle het jong mense in oorfloed.

Wanneer 'n nasie in gebreke bly om hulself te reproduseer, dan moet hulle óf uitsterf óf immigrasie oorweeg. Dít is die pad wat Kanada gekies het; een uit elke drie inwoners van Ontario, Kanada se mees digbevolkte provinsie, is nie in Kanada gebore nie. Oor die land heen is een uit elke vyf Kanadese nie in Kanada gebore nie. Dit is 'n seismiese kulturele verskuiwing wat ernstige komplikasies vir die toekoms inhou.

Soortgelyk is in Europa 9% van diegene wat in Duitsland woon, burgers van 'n ander land. Die grootste groep immigrante na Duitsland is by verre Moslems uit Turkye. In Frankryk is die grootste groep immigrante Moslems uit Algerië, Marokko en Tunisië.

Italianers was histories bekend vir hulle groot gesinne. Dit het egter in die afgelope jare verander. Een BBC verslag

beskryf 'n droewige prentjie vir die nasie: “In Italië is die geboortesyfer van die laagste op die kontinent ... die statistieke is onweerlegbaar; te min mense in Italië het gesinne. 'n Onlangse verslag van die Verenigde Volke gee 'n slegter projeksie vir Italië as die Italiaanse kundiges self en het alarm gemaak in Rome – in die volgende 50 jaar sal die bevolking na verwagting krimp van 57 miljoen na 41 miljoen. Sonder 'vervangende immigrasie', soos dit genoem word, sal dit nodig wees om die aftreeouderdom op te skuif na 77 jaar, ten einde die verhouding van vier werkers vir elke pensioenaris te handhaaf” (*Italy: Immigration or extinction*, BBC News, 19 April 2000).

Waar moet sodanige “vervangende immigrasie” egter vandaan kom? Sekerlik nie van ander nasies met dalende geboortesyfers nie. Die scenario van 'n “Islamitiese Rome” wat deur die Palestynse geestelike, Al-Astal, geskets is, is dus glad nie so vergesog nie!

### **Uitdying van jongelinge en die geskiedenis**

Gunnar Heinsohn, 'n sosioloog aan Bremen Universiteit in Duitsland, het oor die onderwerp “bevolking-uitdying” – ook bekend as “uitdying van jongelinge of jongmense” – geskryf. In 'n lesing van Augustus 2005, onder die opskrif: “Bevolking, Verowering en Terreur in die 21ste Eeu”, het Heinsohn die geskiedenis nagevors vanaf

1400 n.C. tot op hede. Nadat dit deur die 15de eeu heen verwoes was deur herhaalde uitbrake van builepes, het Europa 'n era van bevolkingsontploffing betree wat implikasies vir ons hele planeet ingehou het.

Die teorie van “uitdying van jongmense” lui dat wanneer 'n nasie 'n ooraanbod van 15 to 29 jariges het (wat beskou word as die ideale ouderdom vir militêre diens), dan wend hulle hul óf tot interne revolusie en burgeroorlog, óf tot buitelandse verowerings. Europa het die laaste rigting gekies en 90% van die wêreld gekoloniseer gedurende hierdie tydperk van uitbreiding.

Die Europese bevolkingsontploffing wat rondom 1500 begin het, het nie afgeplat voor die vroeëre deel van die 20ste eeu nie. Heinsohn het opgemerk dat daar in 1500 wêreldwyd, vir elke 1 000 mans tussen die ouderdomme van 15-29, ongeveer 100 uit Europa afkomstig was. Teen 1914 was 350 uit elke 1 000 óf uit Europa afkomstig, óf van Europese oorsprong.

Deesdae het daardie neiging omgeswaai. Europese geboortesyfers is van die laagste in die wêreld, maar daar is 'n oplewing in die geboortesyfer van babas in Moslemlande. Tussen 1930 en 2005 het Pakistan se bevolking gegroei van 23 miljoen tot 163 miljoen, waar die gemiddelde vrou vier tot ses kinders het. Vergelyk dit met Duitsland se laer as vervangende syfer van slegs 1.3. Soos Heinsohn

opmerk: “Die Islamitiese “jeuguitdying” is werklik geweldig. Van [die 15 miljoen] manlike Afgane, is 7 miljoen onder die ouderdom van 15 jaar. Elke jaar bereik 350 000 Afgane veg-ouderdom ... sedert 1945 het elke Afgaanse vader wat opgehou het om te veg, sy onvoltooide werk aan drie of vier seuns nagelaat. Sedert 1945 het die bevolking van Afganistan gesprong van 8 tot 30 miljoen”.

Al-Astal se vrypostige voorspelling van 'n Islamitiese Rome mag aan die begin verregaande klink, maar wanneer ons na die demografie en geskiedenis kyk, is die feite aan sy kant! Westerse sekulariste mag dit wel moeilik vind om te erken dat hulle kosbare wêreldbeskouing vervang kan word deur 'n ideologie so radikaal anders as Islam, maar dit is inderdaad wat die feite ons meedeel – ten minste so bolangs.

Is 'n Islamitiese wêreld egter werklik die toekoms? Wag daar dalk verrassings langs die pad wat nóg die Moslem geestelikes, nóg die sekulêre ontleders kan vooruitsien?

Die goeie nuus is dat Al-Astal verkeerd is, daar sal geen Moslem verowering van die hele wêreld wees nie. Die slegte nuus is dat daar 'n tyd van wêreldwye oorlog voorlê en dit sal ongeëwenaarde lyding oor ons planeet bring. Genadiglik is daar goeie nuus ná die slegtes. Die toekomstige tyd van lyding sal eindig met die Wederkoms van Jesus Christus en die vestiging van Sy Koninkryk op die planeet

Aarde.

Voor Christus se Wederkoms sal die wêreld egter tot 'n breekpunt kom – 'n ontploffingspunt wat lank gelede geprofeteer is. 'n Botsing van gelowe en beskawings is in wording. Wanneer die ontbrandingspunt kom, sal daar groter rampspoed wees as wat enige mens kan indink. Soos lesers wat die *Wêreld van Môre* lank reeds lees weet, voorspel Bybelse profesieë duidelik wêreldveranderende oorloë aan die einde van hierdie tydperk, in vergelyking waarmee die konflikte van die 20ste eeu onbeduidend sal wees. Godsdienste sal 'n groot rol speel in wat aan die kom is!

### Die rit van die vier perderuiters

In Openbaring 6 beskryf die Bybel vier “perderuiters” wie se ritte verskriklike verwoesting op ons wêreld sal aanrig. Die apostel Johannes beskryf die opening van die eerste seël van die misterieuse perkamentrol wat hy in 'n visioen gesien het: “En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en omte oorwin” (vers 2).

Die meeste Bybelse kommentators aanvaar dat hierdie perd simbolies is van Christus of Christelikheid wat uitgaan om te oorwin. Die boog in die ruiters se hand pas egter nie by ander Bybelse beskrywings

van Jesus Christus nie en die idee dat hierdie ruiters Christus is, pas nie by die konteks van die volgende drie perde nie, hulle beeld oorlog, hongersnood en pessiëktes uit, wat baie duidelik verskriklike verwoesting op die aarde sal aanrig. Die belangrikste is dat Jesus Self die betekenis van Johannes se visioen openbaar (Openbaring 1:1; 5:5) en in die “Olyfberg predikasie” beskryf Hy duidelik die tweede, derde en vierde perderuiters in presies dieselfde volgorde (Mattheüs 24:6-7). Die vierde perd van Openbaring 6 word gevolg deur verdrukking in presies dieselfde volgorde as in Mattheüs 24:9.

Dus, die vraag wat oorbly is: Wat verteenwoordig die eerste perderuiter? Terwyl Jesus op die Olyfberg gesit het, het Sy dissipels Hom gevra: “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” (Mattheüs 24:3). Hy het reageer deur hulle te waarsku teen wat sou kom voor die geprofeteerde oorloë, hongersnood en siekte-epidemies (die tweede, derde en vierde perde in Openbaring 6): “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (verse 4-5).

Eenvoudig gestel, hierdie eerste perderuiter *lyk na* Jesus Christus, maar verteenwoordig *vals* Christusse of vals messiasse! Jesus sê aan ons dat voor die geprofeteerde

eindtydse oorloë, hongersnood en pessiëktes, ons 'n opwelling van valse redders sal beleef – insluitende baie wat daarop aanspraak sal maak dat hulle Christus volg.

Vals godsdienste sal die verhoog gereed kry vir die geprofeteerde oorloë, hongersnood en siekte-epidemies waarin miljard mense sal sterf. Op een stadium sal 'n leër van 200 000 000 soldate 'n volle derde van die mensdom doodmaak! (Openbaring 9:12-18). Dit is nie die gevolg van akkurate aanvalle deur “slim bomme” nie. Dit sal uit-en-uit 'n alles is toelaatbaar, veg-tot-die-dood, die wenner-neem-alles oorlogvoering wees!

Oorgeruste Westersinge, veilig in hulle gerieflike denkwysse, mag glo (of hoop) dat so 'n onheil nie moontlik kan voorkom in ons moderne, verligte, beskaafde wêreld nie. Oorweeg egter die keuses wat Israel en Europa binnekort onder oë sal moet neem. Hulle sal óf hulle godsdienste, kultuur en nasionale erfenis moet prysgee – in werklikheid ophou om te bestaan – óf hulle sal 'n paar baie onaangename en drastiese stappe moet neem. Dit is ondenkbaar dat die Joodse staat stilweg die mag sal oorgee aan interne vyande wat openlik begeer om Israel vernietig te sien. Israel se Joodse leiers sal Israel bo demokrasie kies.

Sal die Arabiere dit gedwee aanvaar? Heelwaarskynlik nie. Die Bybel beskryf duidelik 'n gebeurtenis sal plaasvind wat

**Vervolg op bladsy 26**

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG: Volgens Genesis 4 het Kain die eerste aangetekende moord in die geskiedenis gepleeg. Wat het daartoe aanleiding gegee dat Kain sy broer Abel vermoor het?**

**ANTWOORD:** Alhoewel Kain bekend is as die eerste moordenaar omdat hy sy broer Abel vermoor het, was sy geskil in werklikheid met God. Die broers se ouers, Adam en Eva, – die eerste mense – was uit die tuin van Eden gedryf omdat hulle van die vrugte van die verbode boom van die kennis van goed en kwaad geëet het en sodoende ongehoorsaam was aan God se opdrag. “Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is” (Genesis 3:22-23).

Toe God Adam en Eva uit Eden verban het, het Hy 'n vloek oor hulle uitgespreek: “Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer” (verse 17-19). Anders as Adam en Eva wat voor hulle sondeval nie nodig gehad het om te werk vir hul lewensmiddele nie, moes Kain en Abel van die begin af hard werk om hul eie kos te produseer. Abel het gewerk as 'n veewagter, terwyl sy ouer broer, Kain, landbou bedryf het en sy oes uit die grond verkry het (Genesis 4:2).

Wat het die twee broers gedoen toe God om 'n offer gevra het? Abel het van die “eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet” (vers 4). Deur sy eersgeborene te offer, het Abel se offer as voorbeeld op Jesus Christus se offer vir die hele mensdom gedui. Kain, in teenstelling daarmee, het slegs “van die vrugte van die land” (vers 3) aan God geoffer.

Hoe het God reageer? “En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien, maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang” (verse 4-5). God het nie Kain se offer aanvaar nie. God het Kain egter nie verwerp nie. Hy het aan Kain gesê dat Hy 'n

gepaste offer sou aanvaar (vers 7).

God het Kain gewaarsku om sy sondige neigings te oorheers, maar hy het nogtans kwaad gebly en in sy woede besluit om sy broer Abel, wat God behaag het, te vermoor (vers 8).

Watter les behoort ons hieruit te leer? Het God aangedui dat Hy ontevrede was met vrugte en groente? Natuurlik nie! Kain se *gesindheid* het sy offer onaanvaarbaar gemaak. Sy werklike probleem was in sy hart. Selfs indien Kain Abel se voorbeeld sou volg en van die eerstelinge van sy oes geoffer het, sou God nogtans 'n rebelse en onboetvaardige gesindheid kon bespeur en steeds die offer verwerp het. God sê immers duidelik: “Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie” (Hosea 6:6, Mattheüs 9:13). Kain, met sy moorddadige hart – kwaad omdat sy regverdige broer se offer aangeneem is – het die barmhartigheid wat God verlang, kortgekom.

Die apostel Johannes veroordeel Kain se gesindheid wanneer hy skryf: “Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig” (1 Johannes 3:11-12). In teenstelling daarmee, bly Abel se regverdige werke selfs tot vandag toe, as 'n gedagtenis aan hom. “Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde *geloof* spreek hy nog nadat hy dood is” (Hebreërs 11:4).

Christene is geroep om gehoorsaam en regverdig te wees soos Abel, nie rebels en boos soos Kain nie. Ongelukkig is daar van Kain se gesindheid in elke gemoed wat nog nie volkome aan God oorgegee is nie. God het genadiglik Sy Seun vir ons geoffer. Indien ons Christus se offer aanvaar en ons bekeer van ons sondes, kan ons God behaag soos Abel en met die hulp van Sy Heilige Gees, kan ons die regverdige lewens leef wat God van ons verlang. **WtM**

# Profesie neem

## Onverwagse rampe lê voor

Net meer as 'n jaar gelede het die leiers van die Groep van Agt ekonomiese magte verklaar dat die wêreldwye ekonomie in “'n goeie toestand” is. Nogtans, minder as 'n jaar later, verklaar 'n toonaangewende finansiële ontleder: “Die uitkyk het drasties verdonker ... Deur die bank het dinge na die slegste verander” (*The Charlotte Observer*, 5 Julie 2008). 'n Onlangse verslag van die Verenigde Nasies kom tot die gevolgtrekking dat hoofde van nasies, hoofde van finansiële instansies, regeringsbeplanners en die gemiddelde landsburger almal 'n groeiende angs deel ten opsigte van sosiale en ekonomiese verwickelinge wat hulle nie by magte is om te beheer nie.

Binne hierdie laaste jaar het oliepryse verdubbel vanaf \$70 [ongeveer R50] per vat tot meer as \$140 [ongeveer R980] per vat. Dit het die prys van voedsel die hoogte laat inskiet, selfs terwyl die aanvraag na voedsel geweldig toegeneem het weens die vinnig groeiende bevolkings van Indië en China. Verder is voedselproduksie verwoes deur onverwagte klimaatskommelings, insluitend uitgebreide droogtes en oorstromings in die graan- en rysproduserende gebiede van Australië, Suid-Afrika, Suidoos-Asië en Amerika. Stygende voedselpryse het aanleiding gegee tot onluste in sommige lande en het

die politieke stabiliteit bedreig.

Pryse van olie en edelmetale skiet die hoogte in as gevolg van 'n toenemende aanvraag vir beperkte en verminderende voorrade. Die finansiële krisis wat veroorsaak is deur slegte vaste-eiendomslenings in die Verenigde State en Brittanje is besig om uit te brei, en dreig om die ekonomiese van ander nasies regoor die wêreld te oorspoel.

*Waarom* gebeur die uitbarstings en samevloeiing van al hierdie dinge op dieselfde tyd? *Waarheen* lei dit? *Waarom* vind hierdie rampspoedige gebeure juis *nou plaas*?

Deskundiges oordink die situasie en skarrel rond vir redes en oplossings, maar dit skyn asof niemand regtig weet wat aangaan, of waar hierdie gebeure heen lei nie. Daar *is* egter 'n bron wat sin kan maak uit wat op die wêreldverhoog aangaan. Die Bybel verduidelik *waarom* al hierdie dinge saamvloei, *wat* voorlê en *wie* daardeur geraak gaan word.

In ons tyd dink baie mense dat die Bybel niks meer is as 'n versameling van mites en stories nie. Nogtans bevat die Skrif 'n gedetailleerde reeks profetiese waarskuwings wat *vandag besig is om gestalte aan te neem!*

### Antieke waarskuwings

God het lank gelede die nasate van Abraham, Isak en

Jakob (die twaalf stamme van Israel, wat nie slegs in die moderne nasie van Israel gevind word nie maar ook onder die volke van die Verenigde State van Amerika, Brittanje, Australië, Kanada, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en ander nasies wat van die volkere van noordwestelike Europa afstam) vertel dat hulle geseënd sal wees indien hulle Sy Wette gehoorsaam – Wette wat Hy aan hulle gegee het sodat hulle ligte en voorbeelde vir die wêreld kan wees (Deuteronomium 4:1-10). God se uitverkore volk (Deuteronomium 7:6-7; Jesaja 43:1, 10, 20-21) was egter ook gewaarsku dat indien hulle sou verkies om God se Wette nie te gehoorsaam nie en indien hulle Sy insettinge sou minag, hulle ernstige gevolge sou moes dra. God sê deur Moses: “ ... Ek sal verskrikking oor julle beskik ... sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers ... En Ek sal julle trotse mag verbreek” (Levitikus 26:14-19).

Ons sien dat daardie profesieë vandag begin gestalte aanneem. Brittanje, die nasie wat eens oor een kwart van die hele mensdom regeer het, het haar ryk verloor en word stadig van binne deur die Europese Unie oorgeneem. Die EU het alreeds beslag gelê op Britse visvangregte in wat voorheen Brittanje se eie gebiedswaters



# gestalte aan

was, en het daardie regte herverdeel aan ander Europese nasies. Die EU ondersoek nou moontlik geskikte skepe van die Britse vloot vir 'n Europese seemag. Die VN se Menseregte Raad het onlangs 'n verslag uitgereik waarin aanbeveel word dat Brittanje haar monargie moet afskaf (*Daily Express*, 13 Junie 2008).

Die Amerikaanse invloed rondom die wêreld is ook besig om te kwyn. Die Amerikaanse dollar, wat lank as die wêreld se reserwe betaalmiddel gedien het, verloor steeds waarde en mag spoedig deur die euro vervang word. Die V.S. se sentrale bank – die Federale Reserwe Bank – is onlangs meegedeel dat dit aan 'n algemene ondersoek onderwerp gaan word deur die Internasionale Monetêre Fonds. 'n Duitse nuusbron stel dit so: “In die Amerikaanse geskiedenis was geen hoof van die Fed al ooit gedwing om hom te onderwerp aan die vernedering wat Ben Bernanke in die gesig staar nie” (*Der Spiegel*, 28 Junie 2008). Die trots van Amerika en Brittanje, die twee nasies wat die verloop van die wêreld se geskiedenis vir die afgelope 200 jaar bepaal het, is besig om gebreek te word, net soos God voorspel het dit gaan gebeur. *Wat anders is egter besig om kop uit te steek?*

## **Skielike rampe voorspel!**

Wanneer u die profesieë aangaande die toekoms van die Israelitiese nasies in die Bybel bestudeer, dan kom daar 'n kommerwekkende tema na vore – hulle sal 'n *skielike en dramatiese verandering* in hul toekoms ondervind namate God selfs nog meer kragtig in die geskiedenis begin in gryp. Moses het gewaarsku dat “... as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie ... dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal ... Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelig is en *totdat jy gou tot niet gaan* vanweë die boosheid van jou handeling, dat jy My verlaat het” (Deuteronomium 28:15-20). Die profeet Jesaja skryf op dieselfde trant: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg ... omdat hulle die wet van die HERE van die leërskaer verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het. Daarom het die toorn van die HERE ontvlam teen sy volk” (Jesaja 5:20-25).

Israelitiese nasies wat geseënd en die Wette van God gegee was – Wette wat die sondes en gruwels van owerspel, hoerery, leuens, diefstal, maklike egskeiding en homoseksualiteit verbied – keur nou boosheid en perverse

handelinge goed en bevorder dit selfs. Jesaja waarsku verder: “Omdat julle hierdie woord verwerp en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun”, sal God die nasies van Israel “*heeltemal onverwags*” breek (Jesaja 30:12-13).

Ander profete regdeur die Skrif het dieselfde boodskap om oor te dra! Jeremia waarsku: “Kyk, hulle oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die woord van die HERE is vir hulle 'n smaat, hulle het daar geen behae in nie ... Ek sal oor hulle vier soorte besoekinge doen, spreek die HERE: die swaard om dood te maak en die honde om weg te sleep en die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde om op te eet en te vernietig. En Ek sal hulle 'n skrikbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde ... Ek laat *skielik* op haar val angs en verskrikkinge” (Jeremia 6:9-26; 15:1-4, 8). Salomo waarsku, “... hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen” (Spreuke 22:7). Die V.S. het die grootste skuldenaar-nasie in die geskiedenis geword – en het selfs geld geleen van potensiële teenstanders. Die V.S. en die nasies wat van die Britte afstam het dit geniet om van die hulpbronne van die wêreld te leef, maar die profeet Habakuk waarsku “... dat *skuldeisers* vir wie jy sidder, *skielik* voor jou sal

staan en jou sal kaalstroop. Jy het baie nasies geplunder, maar nou sal dié wat oorgebly het, jou plunder” (Habakuk 2:7-8, NV).

In 'n profetiese boek waar die sondes van die Israelitiese nasies gelys is, (Hosea 4:1) lewer die profeet Hosea hierdie plegtige waarskuwing: “Ek het hom [Israel] tien duisende leringe van my wet voorgeskrywe, maar dit word as iets vreemds geag ... Omdat Israel sy Maker vergeet en paleise gebou het ... daarom sal Ek 'n vuur in sy stede slinger wat sy

paleise sal verteer ... Net so het Bet-el aan julle gedoen weens julle ontsettende boosheid; *in die môre* vroeg is dit gedaan, gedaan met die koning van Israel” (Hosea 8:12-14; 10:15).

Bybelprofesieë voor spel duidelik dat God se uitverkore mense *skielike rampe* gaan beleef wat effektief hulle trotse mag gaan verbreek en hulle aan die genade van vreemde nasies sal oorlewer, omdat hulle hul God vergeet en Sy Wette verwerp het. Amerika se vinnig-groeiende buitelandse skuld, die

Westerse wêreld se ramspoedige afhanklikheid van buitelandse olie wat enige oomblik afgesny kan word, en die bankwese se vrese dat die wêreld se ekonomie 'n “totale ineenstorting” in die gesig staar, blyk die verhoog voor te berei vir hierdie antieke profesieë *om enige oomblik gestalte aan te neem*. Indien ons oë het om te sien en ore om te hoor, behoort ons op ons hoede te wees vir hierdie profetiese waarskuwings!

—Douglas S. Winnail

### Vervolg vanaf bladsy 22 – Wanneer kulture bots

gaan veroorsaak dat “al die nasies van die aarde” die Joodse staat sal omsingel en daarteen sal veg (Sagaria 12:2-3, 14:1-2). Ons weet nog nie presies wat hierdie konflik sal veroorsaak nie, maar ons weet dat Israel rede het om sy Midde-Oosterse bure te vrees wat kernwapens en ander wapens van massa-vernietiging bekom. Versuim om so 'n bedreiging suksesvol te ontloot terwyl daar nog tyd is om op te tree, sal sekerlik tot 'n geprofeteerde konfrontasie lei – 'n konfrontasie wat demograwe voorstel nie meer as 10-20 jaar weg is nie, teen welke tyd Israelse Arabiere die demografiese meerderheid sou verkry wat hulle dan in staat sal stel om Israel by die stembus te verslaan.

### Twee opponerende konings

Net soos Bybel profesieë

openbaar dat Israel uiteindelik nie voor die Arabiere sal val nie, so weerlê dit ook die idee dat daar 'n eindtydse Islamitiese oornam van Europa sal wees. In werklikheid vertel die Skrif aan ons dat presies die teenoorgestelde sal gebeur. Daniël 11 beskryf tot in die fynste besonderhede twee mags-blokke wat deur die eeue heen gebots het. Hulle word die “koning van die Noorde” en die “koning van die Suide” genoem.

Daniël se merkwaardige profesie strek die hele pad tot aan die einde van die mensdom se wanbestuur van die aarde. “Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorfloei” (Daniël 11:40). Die

Skrif impliseer dat die koning van die Suide iewers suid van Jerusalem woon, in die algemene rigting van Egipte, Noord-Afrika en Saoedi-Arabië.

Hierdie konflik wat tussen Europa en die Midde-Oosterse magte sal begin, sal vinnig versprei om Asiatiese magte te betrek (vers 44).

Die Bybel sê aan ons dat nóg Europa, nóg Israel hulle gedwee aan die demografiese krisis sal onderwerp – en hulle tyd raak min om op te tree. Ons kan verseker wees dat ons nou gewigtige tye tegemoetgaan wanneer nasies en groepe nasies gedwonge sal voel om op te tree op wyses wat teenstrydig is met wat hulle harte en lankgekoesterde waardes hulle nou lei om te glo moontlik is.

Daar is goeie nuus anderkant die naderende demografiese krisis, maar menslike wesens sal eers 'n paar baie pynlike

lesse moet leer. 'n Botsing van kulture, godsdienste en nasies wag net agter die horison, net soos dit in die bladsy van die Bybel geprofeteer word. Terwyl geen mens die dag of die uur van Christus se Wederkoms kan

weet nie, word ons vertel: "En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby

is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie" (Mattheüs 24:32-34). **WvM**

### Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

gevolg? Menslike natuur en menslike idees – onder die invloed van Satan, die onsigbare "god van hierdie wêreld" – het enorme lyding, foltering en dood tot gevolg gehad. Soos God se woord aan ons sê: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg **lyk**, maar die einde daarvan is *weë van die dood*" (Sprenke 14:12).

Waarlik, geskiedenis bewys dat dit regtig **nie** 'n goeie idee is om Frank Sinatra se raad in sy beroemde opname, "*I Did it My Way*", te volg nie! Ons idees kom dikwels prettig voor as ons daaraan dink, en mag selfs *tydelike* plesier verskaf indien daarvolgens gehandel word. Uiteindelik lei die meeste menslike redenerings en filosofieë egter tot *dood* en *vernietiging* as dit in die praktyk toegepas word.

*Dus, waar is God?*

Hy het vir bykans die laaste 6 000 jaar die wêreld as 'n geheel "sy eie gang laat gaan", behalwe wanneer Hy direk met Sy mense gewerk het en spesifieke besonderhede van profesie vervul het. Hy *het* byvoorbeeld ingegryp om antieke Babilon en Egipte tot 'n val te bring, op dieselfde manier as wat Hy spesifiek baie jare voor daardie tyd voorspel het. Hy het omstandighede en selfs persoonlikhede gelei sodat Alexander die Grote kon verrys en oor vastelande reik. Hy het, geslagte vooruit, die opkoms van die Romeinse Ryk voorspel – en het verder voorspel dat daar sewe herlewings van hierdie Ryk sou wees, wat sal lei tot die *finale* herlewing, wat die "Dier" in Openbaring 17 genoem word. Indien u *enige* van hierdie feite betwyfel, skryf asseblief aan ons en vra vir ons insiggewende boekie genaamd: *Die Bybel: Feit of fiksie?* Dit sal heeltemal *gratis*, posgeld

ingesluit, op versoek, aan u gestuur word.

Oor die volgende paar jaar – en dit het alreeds begin – gaan die groot God Sy ingryping in menslike sake laat toeneem, soos *nooit tevore nie!* Hy gaan die nasies **skud** totdat hulle tande klap! God sê aan ons: "**Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: *Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe*" (Hebreërs 12:25-26).**

Die geweldige groot **finansiële krisis** wat die V.S. en baie ander nasies tans ervaar is slegs die begin! Voortdurende **terrorisme** gaan ons nasie se moraal skok. Die ontsaglikste *aardbewings*, storms, oorstromings en *siekte-epidemies* in die geskiedenis gaan eersdaags begin voorkom – **nie** in ver weg suidelike Asië of een of ander afgeleë plek nie – maar *reg in die middel van die Westerse nasies*, in die Verenigde State van Amerika, Kanada en Brittanje! Dan sal die geleerde "wysneuse", wat skryf oor "*The God Delusion*" en ander sodanige snert, hewig **geskok** word deur die besef dat daar miskien, na alles, tog 'n "ware" God is! Uiteindelik sal hierdie groot God **hulle monde snoer!**

Indien u u Bybel verstaan sal u besef dat daar nou op hierdie aarde, 'n *ware* Werk van die groot God is om Sy mense aan die **einde** van hierdie tydvak te waarsku. Deur God se genade is u *nou* in aanraking gebring met daardie Werk! *Indien* u die wysheid, eerlikheid en ootmoedigheid het om

hierdie tydskrif en die gratis boekies wat ons uitstuur (onthou **al** ons literatuur is *gratis!*) werklik te **bestudeer**, sal u begin om die werklike **doel** van menslike bestaan en die spesifieke *profesieë* wat nou begin om op merkwaardige wyse vervul te word, te verstaan. Dit sal u lewe **verander**. Dit sal u lei – *indien* u *gewillig* is om te **handel** volgens die Waarheid – om in kontak te kom met die ware God van die Bybel, en om *Sy goddelike beskerming* en seën te geniet in die jare wat vlak voor ons lê.

God is **nie** “weg nie”! Op grond van die skepping is Hy 'n Vader vir elkeen van ons. **U**, persoonlik, is na Sy ewebeeld geskape, sodat u uiteindelik 'n *ware seun* in die einste Gesin van God kan word. Indien God u nou roep sal u tot die besef kom dat u gemaak en op die aarde geplaas is om *lesse te leer*, om die ware *karakter van Christus* te ontwikkel, en om uiteindelik een van die “koninge en priesters” te word om onder Jesus Christus op hierdie aarde te **heers**, slegs 'n paar jaar van nou af (Openbaring 5:9-10).

Daar **is** 'n ontsagwekkende **doel** met u lewe!

Mag God u help om die wysheid en geestelike moed aan die dag te lê om te **handel** volgens die Waarheid wat u van hierdie Werk af ontvang, en om daardie werklike doel te *verwesenlik*. Ons is hier om *u te dien*. Namate die maande en jare verbygaan, sal u tot hierdie besef kom – *indien* u werklik studeer en leer om u Skepper te gehoorsaam. Indien u aan ons wil skryf of ons wil skakel vir persoonlike geestelike berading, of om enige vrae oor die Bybel te vra, oor profesie, of oor enige ander saak, skakel ons by die Streekkantoor naaste aan u of stuur u versoek aan ons Webwerf [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za). Nee, ons beweer nie dat ons volmaak is nie. Ons *is* egter die oorblyfsel van die ware Kerk van God op hierdie aarde. Ons *verstaan* die Waarheid, die werklike *betekenis* van die eindtydse profesieë – en die **wyse** *waarop* die verskriklike tye wat voorlê, ontduik kan word. Mag God *u* help om te verstaan en daarvolgens te handel!



# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith FS  
9880

of skakel : 058 622 1424  
en vermeld dat u navraag doen  
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.